# Openbaring 21

Bybelstudie 18

1

| | | | |
|---|---|---|---|
| **239: Wie was Isak se vrou?** | | | |
| Ragel | Lea | Sara | Rebekka |
| **240: Aan wie het die Here die besnydenis as verbondsteken gegee?** | | | |
| Adam | Noag | Moses | Abraham |
| **241: Die Filippense het hom gestuur om Paulus te versorg** | | | |
| Timoteus | Epafroditos | Lukas | Titus |
| **242: Hoeveel edelstene was op die borstas van die hoëpriester?** | | | |
| 6 | 8 | 12 | 16 |
| **243: Straf vir 'n seun wat koppig is en nie na sy ouers luister nie** | | | |
| 39 houe | Verban uit die volk | Verban uit die tempel | Stenig |
| **244: In watter see vloei die Jordaan?** | | | |
| Rooisee | See van Galilea | Dooie see | Middellandse see |
| **245: Wie het die kreupel Mefiboset by Dawid belaster?** | | | |
| Siba | Simeï | Doëg | Barsillai |

2

| 239: Wie was Isak se vrou? | | | |
|---|---|---|---|
| Ragel | Lea | Sara | D: Genesis 24:67 |

| 240: Aan wie het die Here die besnydenis as verbondsteken gegee? | | | |
|---|---|---|---|
| Adam | Noag | Moses | D: Genesis 17:9-11 |

| 241: Die Filippense het hom gestuur om Paulus te versorg | | | |
|---|---|---|---|
| Timoteus | B: Filippense 2:25 | Lukas | Titus |

| 242: Hoeveel edelstene was op die borstas van die hoëpriester? | | | |
|---|---|---|---|
| 6 | 8 | C: Eksodus 39:14 | 16 |

| 243: Straf vir ‘n seun wat koppig is en nie na sy ouers luister nie | | | |
|---|---|---|---|
| 39 houe | Verban uit die volk | Verban uit die tempel | Stenig<br>D: Deuteronomium 21:21 |

| 244: In watter see vloei die Jordaan? | | | |
|---|---|---|---|
| Rooisee | See van Galilea | C: Algemeen | Middellandse see |

| 245: Wie het die kreupel Mefiboset by Dawid belaster? | | | |
|---|---|---|---|
| A: 2 Samuel 19:26 | Simeï | Doëg | Barsillai |

3

1. Wat beteken dit dat die eerste hemel en aarde verdwyn het?

Oorspronklike Grieks: Verdoof, agtertoe geskuif, weggegaan

Anders as "dood" nie in vuur gewerp as teken van totale nutteloos word nie

2. Probeer die toestand in die nuwe Jerusalem in positiewe woorde stel.

God woon by die mense

Daar is volkome vreugde

Dis ’n volmaakte lewe in die teenwoordigheid van God

Dis ’n volmaakte leefwêreld wat God volmaak gemaak het

3. Wat maak God alles nuut?

Alles wat vervloek is agv die sonde van die mens.

4

## 4. Waarom sê God die woorde "Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees"?

Verlossing volmaak

Dit is die INHOUD van die verbond.

Verbondsluiting met die vader van die gelowiges – teken word gegee.

Verlossing vasgemaak

Genesis 17:7 Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag. [8] Ek gee aan jou en jou nageslag die land waar jy as vreemdeling woon, die hele Kanaän, as 'n blywende besitting, en Ek sal hulle God wees."

Verbondshernuwing – volk het dit verbreek

Verlossing herbevestig

Jeremia 31:31 – 33 Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here. Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees

Verbondshernuwing – vervulling

Verlossing realiteit

Hebreërs 8:8-10 "Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here.
Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees.

5

## 5. Hoekom staan vers 8 hier as Satan reeds in die poel van vuur gegooi is?

ONTHOU!!! Openbaring is nie kronologies nie!

Hier word die realiteit van die herskepping uitgebeeld – in die tyd vóór dit 'n werklikheid word.

## 6. Wat simboliseer die 12 poorte?

Toegang tot die nuwe Jerusalem. Die uitverkorenes kom uit alle volke, tale en nasies.

6

## 7. Wat is die verskil in afstand in die ou en nuwe vertalings?

1933/53 vertaling
En hy het die stad met die meetroede gemeet op
duisend vyf honderd myl

1983-vertaling
Die lengte, die breedte en die hoogte daarvan is dieselfde,
twaalf duisend kilometer

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| εμετρησεν | την | πολιν | τω | καλαμω | επι | σταδιους | δωδεκα | χιλιαδων | το | μηκος | και | το | πλατος |
| he-measures | the | city | to-the | reed | on | stadia | twelve | thousands | the | length | and | the | breadth |
| Hy meet (Letterlik) | die | stad | met | riet | op | stadia | twaalf | duisend | die | lengte | en | die | breedte |

12 000 stadion: Ongeveer 2 220 km; •Lengtemate

2020-Vertaling
Hy het toe die stad met die meetstok gemeet, twaalfduisend stadion[h] – die lengte,

Getal-simobliek ontbreek – afstand korrek omgereken

Getal-simobliek korrek, afstand verkeerd

Stadion? Laat (gelukkig) klem op die getalsimboliek val – wat hier belangrik is

12000 = 12 (3x4) x 1000 (10x10x10) – volmaaktheid van God se herskepping

7

## 8. Watter vertaling is reg? Motiveer.

Waarskynlik die 2020-vertaling omdat die simboliek aangetoon word. 1983 tweede beste.

## 9. Waarom is daar nie meer nag nie?

In die Bybel word nag simbolies gebruik vir die verkeerde en die bose – wat geen plek by God het nie.

## 10. Hoekom kan daar nie iets onreins in die stad inkom nie?

Almal in die stad is rein gewas in die bloed van Christus.

## 11. Wat is die ooreenkomste tussen Openbaring 22 en Genesis 2 en 3?

Tuin, water en voedsel

## 12. Wat is die verskille tussen Openbaring 22 en Genesis 2 en 3?

Genesis 2 en 3 beskryf die skepping en die val van die mens – met rampspoedige gevolge – onder andere dat die toegang tot God toegesluit is..

Openbaring 22 beskryf die skepping wat deur God herstel is en die wat nou toegang het tot God

8

13. Wat is die troos-boodskap van hierdie gedeelte?

Terwyl ons nog in hierdie lewe is en baie ellende ervaar, is die hemel oop en kan ons oortuig wees van ons plek in God se Koninkryk.

9